Geskiedkundige agtergrond oor die kerkseël van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Sinode 1927:14

14

Ons wil aan die hand gee dat 'n Kommissie benoem word om daaroor rapport te doen of dat die Sinode die volgende vertaling sal goedkeur n.l. :— „Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika" en wat die spreuk betref :—„Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie."—(Korresponderende Kerkraad).

Sinode 1964:493-498

ARTIKEL 209.

Beskrywingspunt i.s. Kerklike Seël.

A. 1. Die beskrywingspunt van die Part. Sinode Kaapland en S.W.A., word verduidelik deur ds. W. Venter.

2. **Besluit:** Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee en deputate word benoem om die saak uit te werk en aan die volgende Sinode te rapporteer.

B. Die beskrywingspunt met toeligting lees soos volg:

Aangesien daar 'n gebrek aan eenvormigheid is betreffende die

494 Kerklike seël

kerklike seëls wat tans in omloop is, word die eerwaarde Algemene Sinode gevra om:

(1) die oorspronklike beeld op die seël te herstel en sodoende die historiese verband te bewaar;

(2) die dubbele randskrif weg te neem omdat volgens heraldiese reëls slegs die devies as randskrif behoort te verskyn;

(3) een tekening te laat maak waarvan in die toekoms alle seëls gemaak sal word;

(4) die formaat van die seëls, die bewoording daarby, die gebruik daarvan sowel as die instansies wat gemagtig is om die seël te gebruik, noukeuriger te bepaal;

(5) kerkrade en ander instansies te versoek om na 'n bepaalde tyd uitsluitlik die offisiële vorm van die kerklike seël te gebruik.

Toeligting: Bylae 1

DIE OFFISIËLE SEËL VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

1. *Geskiedkundige agtergrond van die seël in Nederland*

a. In 1568 word deur die Sinode van s'Gravenhage bepaal dat attestasies slegs uitgereik sal word:

„onder den Zegel der Kercken, ofte daer geen zegel en is, van tween onderteeckent".

(In 1616—1619 word hierdie besluit deur die Sinode van Dordrecht as art. 82 in die Kerkorde opgeneem).

b. In 1836 besluit die eerste Sinode van die Christelike Afgeskeie Kerke om 'n seël te laat ontwerp, dit het egter geen resultate opgelewer nie.

c. In 1857 rapporteer 'n Sinodale kommissie hy het, in opdrag van die Sinode van Zwolle, Acta 1854, art. 13: „Een kerkelijk zegel laten graveren, en ter beskikking gesteld van Kerkeraden en verdere Kerkbesturen" (Acta 1857, art. 34).

Ds. J. A. Winter van Haren, Nederland, het aan ons 'n afdruk van bogenoemde seël gestuur wat verskyn het op „Het Jaarboek der Christelijk Gereformeerde Kerken", uitgawe 1865. Dit word in afb. 1 van die bylae weergegee.

d. In 1892 besluit die (C.A.G.) Sinode van Amsterdam (Acta, art. 79):

„Wat betreft het bezitten van een kerkelijk zegel, en welk zegel daarvoor genomen zal worden, verenigt de Synode zich met het Advies van den Adviserenden Deputaat over punt 7 om de beslissing dienaangaande aan die Verenigde Synode over te laten".

e. Na die vereniging van die Kerke uit die Afskeiding met die Kerke uit die Doleansie verskyn die seël genoem in A-1 (c) wel nog op die agterkant van die Jaarboekie, maar word ingevolge die besluit in A. 1. (d) nie meer offisieel erken nie.

f. Na 1892 gebruik die Christelik Gereformeerde Kerke op hul publikasies 'n seël met as beeld 'n toring op 'n rots, gedeeltelik gehul in wolke en daarbo JHVH in Hebreeuse letters en met die randskrif: „Nomen Jehovae Turris Fortis".

g. In 1947 besluit die Sinode van die Christelik Gereformeerde Kerke om die seël van die Kerk te Ulrum te aanvaar as offisiële kerklike seël. Die beeld daarop is 'n brandende braambos en die randskrif: „Nec tamen consumebatur" (Acta 1947, art. 116).

(Die geskiedenis van die kerklike seël in Nederland is redelik breedvoerig behandel omdat heelwat verwarring geskep is deur die feit dat die seël genoem in 1. c. die grondslag van ons huidige seël en die seël genoem in 1. g. as medevoorstel gedien het op die Sinode van 1888 (S-A) Acta, art. 68.)

2. *Geskiedkundige agtergrond van die seël in Suid-Afrika*

a. In 1888 het die Sinode in verband met die kerklike seël die volgende besluit:

(1) „De Synode besluit een algemeen kerkelijk zegel aan te schaffen, maar het symbool en randschrift zal de Synode zelve bepalen . . .

(2) De Synode besluit te nemen het symbool van de Moeder Kerk in Nederland.

(3) met het onderschrift: „de poorten der hel zullen dezelve niet overweldigen,

(4) en boven: „De Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika . . ."

(5) de autoriteiten, die het algemeen kerkelik zegel zullen gebruiken, zullen zijn: de Synode, de Algemeene Vergaderingen en de Theol. School.

(6) En de Gemeenten, des verkiesende, mogen een dergelijk zegel voor zich bestellen in kleiner formaat".

(Onderverdeling deur die toeligters).

Volgens die Sinodale Acta is geen rapport oor die uitvoering van hierdie besluit voorgelê nie. Die vorm wat die seël aangeneem het is dus nie Sinodaal aanvaar of goedgekeur nie.

b. (1) In 1927 besluit die Sinode met betrekking tot die „sinspreuk op die kerkstempel" dat dit vertaal sal word: „Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie" (Acta art. 123 (c), p. 45).

(2) Met betrekking tot die naam van die Kerk besluit die Sinode van 1927 dat daarin „geen verandering gemaak word as alleen 'n vertaling in Afrikaans: „Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" (Acta art. 153 (a), (vgl. Acta 1955 art. 112, pt. 3. (b), p. 82).

c. In 1936 besluit die Sinode om vir kennisgewing aan te neem dat: „Deur die Kuratore is 'n Devies en Spreuk vir die Teol. Skool in oorleg met mnr. Pierneef vasgestel nl. 'n oop Bybel met die spreuk: „U Lig en U Waarheid"." (Acta art. 46 (B)). (Met devies word waarskynlik beeld bedoel — Toeligters).

d. In 1945 besluit die Sinode: „Die randskrif van die Kerkseël: „Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie" bly onveranderd.

„Hel" word dus nie hier vertaal met „doderryk" nie, en wel om die volgende redes:

(1) Ons het hier 'n devies en nie 'n aangegewe teks nie;

(2) By ons kerklike publiek het dit al 'n geykte term geword" (Acta art. 136, pt. 7, p. 35).

e. In 1955 besluit die Sinode dat die benaming Gemeente verval en dat:

„die plaaslike Kerk aangedui sal word met die naam: „Die Gereformeerde Kerk ..."." (Acta art. 112, pt. 3. (b), p. 82).

3. *Bevindings*

a. Die Sinode van 1888 het die onderskrif van die Nederlandse seël nie soos die beeld onveranderd oorgeneem nie, maar „de poorten der hel zullen haar niet overweldigen" is gewysig na „de poorten der hel zullen dezelve niet overweldigen". Hiermee is 'n taalkundige afwyking van Mattheus 16 : 18 (Statevertaling) reggestel. Die Sinodes van 1927 en 1945 het in hierdie verband 'n ander standpunt ingeneem (vgl. 1. b. (1) en 2. d.).

b. In die uitvoering van die seël is die naam van die Kerk foutief weergegee as „De Gereformeerde Kerk *van* Zuid Afrika". Eers in 1956 word dit in die Almanak reggestel.

c. Volgens 2. a. (3) en (4) moes slegs 'n onderskrif en 'n boskrif aan die „symbool" toegevoeg word om die offisiële seël van die Kerke in Suid-Afrika te vorm, vgl. rowwe skets afb. 2. In afb. 3 sien ons egter dat die „onderschrift" en „boven" verander is na 'n dubbelle randskrif, wat duidelik nie die bedoeling van die Sinode was nie.

Ontleding van die beeld

d. (1) Dit blyk uit die vaardigheid en die sorg waarmee afb. 1 gegraveer is dat die trappies doelbewus baie vaag gelaat is. Dit kan verklaar word deur die onderskrif (Mattheus 16 : 18) waarvolgens die kerkie die Heilige Algemene Christelike Kerk uitbeeld. So is ook, terwyl dit die getuienis van Petrus simboliseer, die klipperige aard van die rots nie benadruk nie. Die fynere punte het met die oorteken verlore gegaan, vgl. af. 3.

(2) Die byvoeging van die branders in afb. 3 het die simboliek verder verswak omdat dit nie in die teksverband pas nie.

4. *Die seël na 1891*

a. (1) Die offisiële kerklike seël dien as dié waarmerk van die Gereformeerde Kerkverband in Suid-Afrika, omdat daarmee betuig word dat die stuk waarop dit verskyn onder mag en bevoegdheid gegee is. As sodanig behoort die vorm van die seël net so bestendig te wees as die naam van die Kerk. Ongelukkig het elke keer wanneer die seël oorgeteken is klein veranderings ingesluip, met die gevolg dat in die Almanak alleen oor die jare elf variasies onderskei kan word. In die bylaag is agt variasies afgebeeld (afb. 4).

Seël van die C.A.G. Kerk dateer van 1865 (Afb. 1). in Nederland — Afbeelding





(Afb. 2)
Rouwe Skets.

(Afb. 3)
Seël soos dit op Almanak van 1891 verskyn.

Variasies van die Seël wat op die Almanak verskyn het (Afb. 4).



Plaaslike seëls wat in omloop is (Afb. 5).

(2) Deur hierdie variasies is 'n merkbare invloed uitgeoefen op die seëls wat tans in omloop is (vgl. afb. 5) en die meeste daarvan kan na die een of ander Almanakseël teruggevoer word. Bv. die beskadiging van die beeld van die Almanakseël van 1949 is grotendeels verantwoordelik daarvoor dat die daktorinkie van die middel van die dak na die agterkant daarvan verskuif het.

(3) Met verloop van die jare het die twee torings verander in gewels, en het die rots en die branders gedegenereer tot 'n onherkenbare massa.

(4) Waar die Sinode van 1888 twee groottes vir die seël bepaal het, vgl. 2. a. (6), is daar vandag 'n groot verskeidenheid van formate.

b. Die gebruik van die seël is deur die Sinode van 1888 volgens 2. a. (6) aan die vryheid van die Kerke oorgelaat. Die Kerke is dus heeltemal geregtig om 'n plaaslike seël te laat ontwerp en dit op al hul stukke te gebruik. Volgens die reëls van die heraldiek behoort so 'n plaaslike seël dan egter 'n duidelike breuk met die seël van die Kerkverband te toon.

ARTIKEL 48. (51, 54, 207, 263).

Rapport van deputate i.s. kerkseël.

A. Oudl. P. de Weerdt rapporteer.

B. Die bespreking word onderbreek vir teepouse.

C. *Art. 51.* **Besluit:** Die vergadering besluit dat 'n kommissie 'n samevattende voorstel oor die rapport en die grootte van die seël aan die Vergadering moet voorlê.

D. *Art. 54.* Die Kommissie bestaan uit: Di. C. M. J. van Vuuren (S), F. R. P. de Bruyn, oudl. H. A. Prinsloo.

E. *Art. 207.* Ds. F. R. P. de Bruyn rapporteer namens die Kommissie van pre-advies:

F. Die kommissierapport word na wysigings in sy geheel aanvaar.

G. Rapport en besluite insake kerkseël.



Afb. 1



Afb. 2

Afb. 3

Afb. 4

Afb. 5

1. *Samestelling:*

Op die sinodesitting van 1964 is as deputate benoem di. L. H. Stavast, P. J. W. Linde en br. P. de Weerdt (s).

2. *Opdrag:*

a. Ons opdrag vind u in Acta 1964, art. 209 B., (1 tot 5), bl. 493.

b. Die deputate het aanvaar dat die Sinode 'n kerklike seël verlang, en nie 'n kerklike wapen nie; dit maak 'n aanmerklike verskil in die gebruik daarvan.

— Van punte 1 en 2 word kennis geneem.

3. *Beeld van die seël:*

a. (1) In afb. 1, die konsep wat hiermee aan u voorgelê word, is die oorspronklike beeld sover moontlik herstel.

— Word aanvaar.

(2) Afb. 2 is die seël wat die Sinode van 1888 as voorbeeld geneem het; dit dateer van 1865 af en word vir die doel van vergelyking hierby gevoeg.

b. Die tekenstyl moes vereenvoudig word omdat die moderne druktegnieke nie meer teen 'n redelike prys die fyn graveerwerk kan reproduseer nie, en ook sodat blokke en stempels van dieselfde tekening gemaak kan word.

c. Hoewel dit nie in die besluit van 1888 so bepaal was nie, is, ter wille van voorkoms en doeltreffendheid, die sirkelvorm in die konsep behou.

— Kennis geneem.

4. *Maak van tekening:*

Aan hierdie opdrag (pt. 3) sal voldoen word sodra die eerwaarde Sinode die voorkoms van die seël vasgestel het.

— Goedgekeur.

5. *Bewoording by die seël:*

a. Afb. 3 is gemaak ingevolge ons opdrag in pt. 2.

b. In die uitvoering van hierdie opdrag het die deputate vasgestel dat die heraldiese reël, dat slegs die devies by die beeld behoort te verskyn, nie so streng toegepas word in die geval van seëls nie.

c. Dit wil verder voorkom asof die seël in afb. 3 die indruk sal skep dat die woorde van die devies „Die poorte van die hel (doderyk) sal dit nie oorweldig nie" van toepassing is op die instansie wat die seël gebruik. Dat dit nie die bedoeling van hierdie tekswoorde kan wees nie, bewys o.a. die geskiedkundige feit dat in die verlede verskillende kerke tot ontbinding moes oorgaan, m.a.w. die poorte van die doderyk het dié plaaslike kerk wél oorweldig.

d. Ook het in afb. 3 die karakter van die Calvinistiese kerklike *seël* verlore geraak en het dit in 'n kollegialistiese kerklike *wapen* ontwikkel. Dit bevat bv. geen aanklewende verbinding met 'n bepaalde instansie nie, en kan onder enige opskrif gebruik word. Die kerklike *seël* is altyd verbonde aan 'n bepaalde instansie, ook al word van 'n gemeenskaplike beeld gebruik gemaak.

— Kennis geneem.

e. In die lig van voorgaande meen die deputate dat die behoud van die *buitenste* randskrif soos in afb. 4, 'n meer korrekte en doeltreffende seël tot gevolg sal hê.

— Aanvaar.

6. *Gebruik van die seël:*

a. Omdat met die seël betuig word dat die stuk waarop dit verskyn onder mag en bevoegdheid gegee is, kan dit alleen gebruik word deur die instansie wie se eiendom dit is. Die benaming wat by die seël verskyn, beïnvloed dus ten sterkste die gebruik daarvan. Die korrekte gebruik van die seël is gevolglik baie meer beperk as wat gemeen word. In die huidige kerklike praktyk is heelwat gevalle te vinde waar die seël foutief gebruik word asof dit 'n kerklike wapen is.

b. (1) Wanneer die seël die naam van 'n plaaslike kerk dra, is dit uitsluitlik die seël van daardie kerk.

(2) Die seëls van meerdere vergaderings vertoon egter tans 'n vorm van tweeslagtigheid. Hierdie seëls dra nl. nie die naam van die betrokke meerdere vergadering nie, maar gebruik die opskrif *„Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika"*, met die naam van die meerdere vergadering sonder inherente verband later bygevoeg. Hier is één voorbeeld van die gebruik van die seël as 'n kollegialistiese kerkwapen.

c. (1) Die Sinode van 1888 het besluit met betrekking tot die gebruik: „...de *autoriteiten*, die het algemeen kerklike zegel zullen gebruiken, zullen zijn: de Synode, de Algemeene Vergaderingen en Theol. School" (acta artt. 68 en 69).

(2) Van die instansies aan wie die gebruik van die seël hier toegesê word, het alleen die Nasionale Sinode oorgebly. Dit is korrek, omdat die woorde „in Suid-Afrika" betrekking het op die ressort van die instansie wat hier as „Die Gereformeerde Kerk" aangedui word, en alleen die Nasionale Sinode se ressort beantwoord aan die beskrywing.

d. (1) Die kerklike seël met die randskrif *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* is dus wesenlik alleen 'n sinodale seël en mag as sodanig alleen deur 'n sitting van die Nasionale Sinode gebruik word.

(2) Die gevolg van voornoemde is dat alleen stukke wat van die sinodale tafel afkom, voorsien mag word van die sinodale seël.

— **Kennis geneem.**

7. *Bewoording by die seël:*

Die deputate versoek u om hulle te onthef van hul opdrag onder pt. (4) b., nl. om die bewoording by die seël noukeuriger te bepaal. Die opdrag impliseer 'n hersiening van art. 136, pt. 7, acta 1945, bl. 35 en art. 112, pt. 3 (b), acta 1955, bl. 82, en ons is nie bevoeg om oor hierdie onderwerp 'n gesaghebbende aanbeveling aan u voor te lê nie.

— **Toegestaan.**

8. *Aanbevelings:*

Op grond van voorgaande beveel die deputate aan dat die eerwaarde Vergadering sal besluit:

a. (1) dat die devies by die seël vervang sal word met die teksverwysing *Matth. 16 : 18*, (afb. 4);

— **Word geskrap.**

(2) dat hierdie teksverwysing as onderskrif op die voet van die rots geplaas sal word. Sodoende word dit duidelik geskei van die res van die bewoording, en word beklemtoon dat dit nie van toepassing is op die uiterlike voorkoms van die kerk as instituut nie.

Besluit: Hierdie punt moet lui: Die devies t.w.: „Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie", moet as onderskrif op die rots geplaas word.

b. (1) dat die seël slegs in een grootte gebruik sal word omdat een vergadering nie 'n andersoortige gesag het as 'n ander nie;

Besluit: Dit moet lui: „Die seël sal slegs in een grootte gebruik word".

(2) dat die grootte bepaal word op 7 picas in deursnit, (ongeveer een en drie-sestiende duim), insluitende die letterwerk;

(3) dat die deursnit van die sirkel om die beeld 5½ picas sal wees (ongeveer sewe-agtste duim);

Besluit: Punt 8. b. (2), (3) moet lui: „'n Dienlike grootte seël sal deur die te benoeme deputate bepaal word".

c. dat die lettersoort wat by die seël gebruik word, sal wees Univers Medium, 8 punt hoofletters.

Besluit: Punt 8. c. moet lees: „Die grootte van die letters sal bepaal word na die grootte van die seël". (Kyk punt 8. b. (2)—(3)).

d. *Gebruik van die seël:*

(1) *Kerke* is geregtig om die seël te gebruik met die randskrif *Die Gereformeerde Kerk N.N.* (afb. 4).

(2) *Meerdere vergaderings van kerke* is geregtig om die seël te gebruik met die naam van die betrokke vergadering as randskrif (afb. 5).

(3) *Ander instansies* kan, wanneer dit nodig blyk te wees, deur 'n Nasionale Sinode gemagtig word om die seël te gebruik.

Besluit: Goedgekeur. Dit word duidelik verklaar dat deputate en „Die Kerkblad" die seël kan gebruik.

e. *Die maak van stempels en blokke* van kerklike seëls sal uitsluitlik behartig word deur die Administratiewe Buro wat ook die alleenreg van verspreiding daarvan het.

Besluit: Dit moet lui: „Afdrukke van die seël sal deur die Administratiewe Buro op versoek van kerke, aan hulle verskaf word vir gebruik".

f. Ter wille van eenvormigheid in die kerkverband, word versoek dat na 31 Desember 1967 slegs die goedgekeurde vorm van die gemeenskaplike kerklike seël gebruik sal word. Kerklike instansies wat van 'n eie seël gebruik maak, word van hierdie versoek uitgesluit, behalwe as so 'n seël die beeld van die kerkie op die rots gebruik.

Besluit: Dit moet lui: „Kerke word versoek om so spoedig moontlik van hierdie seël gebruik te maak".

g. (1) Alle gebruik van die kerklike seël, in watter vorm ook al, wat nie in die voorgaande uitdruklik gemagtig is nie, sal onmiddellik gestaak word.

— **Goedgekeur.**

(2) Alle voorrade papier en vorms, insluitende doopseëls, attestaatvorms, gesinskaarte en belydeniskaarte, wat verkeerdelik die huidige sinodale seël dra, sal deur die betrokke instansies so gou doenlik vervang word.

Besluit: „*Vernietig*" word geskrap en vervang met „vervang". — (Reeds gedoen, Depp. Acta).

ART. 49. (Verlof aan ds. H. L. M. du Plessis). Kyk by art. 45.

ARTIKEL 57

Kerkseël

Oudl. P. de Weerdt rapporteer soos volg:

1. *Samestelling:*

Die Sinode van 1967 het as deputate insake die kerklike seël benoem ds. A. J. du Plessis (s), ds. L. H. Stavast, br. P. de Weerdt.
— Kennis geneem.

2. *Opdrag:*

a. Ons opdrag vind u in Acta 1967, p. 159 art. 48, G. 4., G. 8. a. (2), G. 8. b. (2) en (3), G. 8. c. en G. 8. e.
b. Alle opdragte is uitgevoer. — Kennis geneem.

3. *Aanbevelings:*

Die deputate wil aanbeveel dat die Sinode sal besluit dat:
a. (1) die grootte van die seël, insluitende die letterwerk, bepaal word op 7 picas in deursnit (ongeveer een en drie-sestiende duim).
(2) die deursnit van die sirkel om die beeld 5½ picas sal wees (ongeveer sewe-agtste duim).
(3) Univers Medium, 8 punt hoofletters by die seël gebruik sal word.
— Goedgekeur.
b. Terwyl dit in die praktyk geblyk het dat die besluit met betrekking tot die gebruik van die seël deur deputate en „Die Kerkblad" aanleiding gee tot verwarring, wil die deputate graag aanbeveel dat die vergadering, aansluitend by art. 48. punt 8. d. (3) (1967), sal besluit:
Deputate van die Nasionale Sinode en „Die Kerkblad" is geregtig om die seël te gebruik met die naam van die deputate, soos bepaal deur die Sinode, as randskrif.
— Verval.
c. (1) Afdrukke van die seël is gemaak en aan die Administratiewe Buro besorg. Dit het egter geblyk dat die nodige tegniese versorging moeilik deur kerkrade behartig kan word. Die Buro van Publikasies het daarom aangebied om die maak van die seël te onderneem, en die deputate het hierdie aanbod dankbaar aanvaar.
(2) Die deputate wil graag aanbeveel dat die sinode sy dank teenoor die Buro van Publikasies sal betuig.
— Goedkeurend kennis geneem.